HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 09 van 2026

22 Januarie 2026

Geagte Randjieouer en -atleet

Baie dankie aan elke atleet wat so hard gedurende die vakansie geoefen het. Die wat nie het nie, dit is nog nie te laat nie! Welkom aan al die graad agt atlete wat nou deel van die Blou Masjien geword het. Ons is baie opgewonde om julle te sien deelneem.

Om werklik hierdie jaar sukses te behaal, het ons nodig dat die ouers ons hande sterk maak deur die leerders te motiveer om te oefen en ook om geen byeenkoms mis te loop nie. Ons kan nie bekostig dat ons beste atleet in 'n item op die pawiljoen sit nie.

Ons nooi u na 'n atletiekvergadering op Maandag, 26 Januarie 2026 om 18:00 in die skoolsaal – hier wil ons graag ons drome en visie vir die atletiek in 2026 deel. Ons sal dit opreg waardeer as u, u weg sal oopsien om dit by te woon.

ATLETIEK 2026

20	**Januarie - Interhuis**
25	**Januarie – Waterkloof (W)**
28	**Januarie - Curro top 14 (Pilditch)**
30	**Januarie - Montana (W)**
4	**Februarie - Noordheuwel top 15 (W)**
6	**Februarie - Menlopark (W)**
13 tot 14	**Februarie – Curro Podium (Pilditch)**
20	**Februarie – Noordheuwel (W)**
27	**Februarie – Distrik**
3	**Maart – Interhoër (Pilditch)**

<u>Afrigters vir die seisoen</u>:

Naellope:	Gerhard La Grange en Salomé van der Merwe
Middelafstand:	Elise Viljoen, John- Henry Horn en Rune de Beer
Hoogspring:	Pieter Els

Verspring:	Francois Fouché en Leandri Willis
Gewigstoot en Diskus:	Willie Lindeque en Etienne Engelbrecht
Hekkies:	Friedrich Birkenstock en Thinus van Deventer
Spiesgooi:	Gerrie Scheepers en Jaco Deale

Elke atleet ontvang 'n vrywaringsvorm. Ons versoek dat almal asseblief teen Vrydag ingehandig word. Geen leerder sal daarsonder op 'n bus toegelaat word nie.

Sterkte aan elke atleet, mag persoonlike bestes hierdie jaar seëvier. Indien u enige probleme ondervind, kontak my gerus!

bemarking@hsrandburg.co.za

sport@hsrandburg.co.za

Vriendelike Randjiegroete

A. Steenekamp
Atletiekorganiseerder

P. Booysen
Skoolhoof